

2

DIE SKEPPING **Ek behoort aan God**

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hul Maker is.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dat God Adam en Eva na sy beeld gemaak het.
- dat God hulle ook gemaak het.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bly wees dat hulle op hul eie manier vir God spesiaal is.
- begrip daarvoor hê dat mense op baie maniere van mekaar verskil.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- 'n goeie selfbeeld te handhaaf.
- ander mense te aanvaar net soos God hulle gemaak het.

MEER INLIGTING (Genesis 1 – veral Genesis 1: 1 en 1: 24-31; Psalm 8)

Sondae in die kerk bely ons dat ons glo in God die Vader wat hemel en aarde gemaak het. Ons lees in die eerste boek van die Bybel dat God alles gemaak het. God het alles in ses dae gemaak: lig en donker, dag en nag, hemel en die aarde, die see, plante, seisoene en son, maan en sterre, visse, voëls en diere.

Op die sesde dag het God vir Adam en Eva gemaak – Hy het hulle na sy beeld gemaak. Dit beteken dat God hulle opdrag gegee het om sy skepping op te pas en te bewerk. Hulle moes soos 'n koning oor die skepping heers. Daarom sê ons ook die mens is die kroon van die skepping. Aan die einde van elke dag was God tevrede met sy handewerk.

Elke mens is vir God belangrik. Hy is lief vir almal. God het elke mens uniek gemaak. Selfs identiese tweelinge verskil van mekaar. Elke mens het selfs sy eie vingerafdrukke. Al verskil ons taal en velkleur, ons is almal God se handewerk. Ons moet mekaar aanvaar omdat God ons gemaak het. Ons mag nie ander mense spot oor hoe hulle lyk, of omdat hulle anders as ons is nie. Jy moet jouself ook aanvaar soos God jou gemaak het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Prente, sketse en foto's van verskillende bevolkingsgroepe en mense.
- 'n A3-muurkaart met Gesang 550 daarop.
- Inkkussing of dik viltpen.
- Klam lappie om hul vingers mee af te vee.
- Groot karton met raampies op – 'n raampie vir elke kind in die klas.
- Vergrootglas.
- Potlood.
- Vier afskrifte van die rolspel by Les 3.

KOM ONS BEGIN

Open met 'n gepaste gebed, en sing Gesang 550 of lees dit net voor.

*Twee ogies om Gods werk te sien;
twee handjies om die Heer te dien;
twee oortjies om sy Woord op te vang;
twee lippies wat Hom loof met sang;
twee voetjies moet sy pad betree
met één hartjie om aan Hom te gee.*

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Voer gesprek aan die hand van vrae soos die volgende:

- Het julle al gesien hoe baie mense van mekaar verskil?
- Kom ons kyk na al die prente, sketse en foto's van die verskillende bevolkingsgroepe en mense.
- Sien julle, maatjies, God het almal verskillend gemaak?
- Ons kan ook nie almal dieselfde dinge ewe goed doen nie.
- Party maats kan mooi teken, party kan mooi sing, ensovoorts.
- God het elkeen van ons uniek gemaak.

IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel vir hulle die skeppingsverhaal.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende waarhede:

- Ons moet weet dat God ons gemaak het.
- God het ons na sy beeld gemaak.
- Dit beteken ons moet die skepping oppas en bewerk.
- Elkeen van ons is op ons eie manier vir God spesiaal.
- Ons moet verstaan dat mense op baie maniere van mekaar verskil.
- Ons moet mense aanvaar soos God hulle gemaak het.

IETS OM TE DOEN

Gebruik die volgende aktiwiteit om elkeen se uniekheid te beklemtoon:

- Kry die groot karton met die klein raampie vir elke kind gereed.
- Laat elke kind sy of haar duim op die inkkussing druk (of kleur die duim met die viltpen in) en die vinger dan in die betrokke raampie druk.
- Laat die kinders hul duimafdrukke ook in die boekie aanbring.
- Gebruik die klam lappie om hul vingers af te vee.
- Laat die kinders hul name bokant die regte raampies skryf.
- Gebruik die vergrootglas en wys vir die kinders dat elkeen se duimafdruk verskil.

BY DIE HUIS

Doen

- Moedig die kinders aan om positiewe dinge in ander mense raak te sien.
- Laat hulle gedurende die week oplet wat anders en spesiaal is van 'n maat of 'n juffrou by die skool.
- Laat hulle dit saans om die etenstafel vir hul ouers vertel.
- Reël met 'n pa en ma en twee kinders uit graad 2 om die rolspel by Les 3 te doen – gee vir hulle afskrifte.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- God het ons na sy beeld gemaak.
- Dit beteken ons moet die skepping oppas en bewerk.
- Elkeen van ons is op ons eie manier vir God spesiaal.

AFSLUITING

Sluit af met 'n gepaste gebed.